

Van Stamverwante Bodem

deur

DR. JAN PLOEGER

'N GELEIDELIKE stroom van nuwe werke (oorspronklik en vertalings) het in die jongste tyd op die Nederlandse boekemark verskyn. Na aanleiding van gegewens soos aangetref in die „Boekengids” (tweede halfjaar 1958) noem ons 'n paar titels en skrywers. Van die bekende skrywer oor argeologie C. W. Ceram het „Triomf over de tijd, de opmars van de archeologie” verskyn. Dan het 'n vertaling van V. Cowles se beskouings oor koning Eduard VII en sy tyd die lig gesien. In verband met die Tweede Wêreldoorlog noem ons „Van Mei tot Mei” deur die oud-oud-eerste minister van Nederland dr. Willem Drees en 'n samevatting van die resultate van die Nederlandse parlementêre ondersoek na die regeringsbeleid in die oorlogsjare. (H. C. Posthumus Meyes: „De Enquetecommissie is van oordeel”).

'n Ereplaas wil ons graag inruim vir *Prinses Wilhelmina van die Nederlande* wat onder die titel „Eenzaam maar niet alleen” die indrukke oor haar lewe en strewe vasgelê het. Sy is die eerste lid van die Huis van Oranje wat op dié wyse 'n boekwerk saamgestel het wat sy sowel aan die nagedagtenis van Prins Willem I van Oranje en aan haar dogter, Koningin Juliana, opgedra het.

'n Bundel studies wat deur prof. dr. P. Geyl geskryf en aan hom aangebied is by sy aftrede as hoogleraar dra die titel „Studies en strijdschriften”.

Die inhoud van nrs. 9-10 van „Band” (Leopoldstad) is gewy aan die wette van 1908 waarby koning Leopold II van België die Kongo aan die Belgiese regering oorgedra het en waarby die regeringstatuut vasgestel is. (Bydraes van A. Roeykens en R. De Maegd). In sy bydrae „Kultuur- en levenskansen van Vlaanderen in Kongo” het die skrywer, prof. L. O. J. De Wilde, o.m. verklaar: „Wat eigenlijk het Frans betreft, deze taal heeft in Kongo een positie verworven waaruit ze alleen nog — en dat zal nog vele jaren vergen — kan verdrongen worden door een of meer eigen landstalen. Intussen is zij, op grond van de uitgesproken wil van de mondige inboorlingen, de ‚feitelijke’ bestuurstaal geworden van dat land. Deze suprematie kunnen wij voortaan niet meer aanvallen zonder het gevaar te lopen ons als Vlamingen onmogelijk te maken.”

Die geskiedenis van Nederland is en bly tot 'n groot mate die geskiedenis van die worsteling tussen die mens en die water. In hierdie verband noem ons die volgende publikasies: 'n Oordruk uit „De Ingenieur” van 1939 (nr. 22) van dr. J. van Veen se bydrae „Inpolderingen in vroegere eeuwen door Nederlanders in het buitenland” en die derde en vyfde verslag van die *Deltakommissie* (Den Haag, 1954 en 1955) oor die voorgestelde afdamming van die see-arms in die suidweste. In die eersgenoemde publikasie kom aantekeninge voor in verband met Noord-Duitsland (1100-1800), Sweden, Pole, Rusland, Engeland (1500-1642), Italië (1500-1700), Frankryk (sestiende en sewentiende eeu).

By die uitgewersmaatskappy *William B. Eerdmans* (Grand Rapids V.S.A.) het in 1957 van die hand van *Martha Eerdmans* (Argiefdiens, Friesland) die publikasie „*Pieter Stuyvesant. An historical documentation*” (78 bls.) verskyn. Die inhoud is gewy aan die lewe en werk van die toenmalige direkteur van Nieu-Nederland wat in die dorpie Scherpenzeel (Friesland) gebore is en later as student aan die universiteit van Franeker ingeskryf is (1629). Belangrike dele van die inhoud is die teks van die toespraak wat deur prof. dr. A. J. C. Rüter (Leiden) gehou is by geleentheid van die onthulling van gedenktekens in die dorpies Scherpenzeel en Wolvega en die katalogus van tentoongestelde voorwerpe in verband met Stuyvesant, die seun van ds. Balthasar Stuyfsant, wat later getroud is met Judith Bayard, die dogter van 'n Waalse predikant van Breda. Onder die afbeeldings kom o.m. die wapen van Pieter Stuyvesant voor. Stuyvesant se graf is op die kerkhof van „St. Mark's in the Bowery” (N. York) en vermeld is dat ds. Hendrick Selyns by geleentheid van die heengaan van Stuyvesant die volgende grafskrif gedig het:

„Stuyft niet te seer in 't zant,
Want daer leyt (lê) Stuyvesant.”

Die herdenkingsrede wat by geleentheid van die 325-jarige bestaan van die Amsterdamse universiteit deur die rektor, prof. dr. M. H. Woerdeman, uitgespreek is, is in „*Folia Civitatis*” (Jaarg. 10, nr. 28, 4.6.1957) gepubliseer. Dit bevat o.m. ’n aantal historiese belangrike feite in verband met die geskiedenis van die universiteit.

Van „*De Navorscher. Nederlands Archief voor Genealogie en Heraldiek, Heemkunde en Geschiedenis*” (uitgewers Van Gorcum en Kie., Assen) het ons afl. 1-2, van jaargang 97 ontvang. Redakteur is tans J. M. Reinboud. Van besondere belang vir ons is die afdeling „Boekaankondigingen”. Die aflewering is in alle opsigte goed versorg. O.m. is ’n bespreking van C. Pama se „Heraldiek in Suid-Afrika” in die uitgawe opgeneem.

Van die Amsterdamse firma B. M. Israel het ons ’n katalogus (nr. 77) ontvang, waarin ’n deel van die biblioteek van wyle Jonkheer F. Beelaerts van Blokland (boeke oor Suid-Afrika) voorkom.

By geleentheid van die herdenking van die feit dat *Hendrick Goltzius*, na Maerten van Heemskerck die grootste tekenaar van Noord-Nederland (in volgorde van tyd) naby Venlo gebore is, organiseer die Museum Boymans en die Teylers Museum tentoonstellings in verband met die werk van hierdie groot kunstenaar.

In dié verband is ’n uitstekend versorgde katalogus uitgegee. Goltzius is in 1616 of begin 1617 in Haarlem oorlede. 124 Tekeninge en sketse is uitgestal.

„*Oud-België. Van de eerste landbouwers tot de komst van Caesar*” deur *dr. M. E. Mariën* („*De Sikkels*”, Antwerpen. 528 bls., met 398 afb.) is ’n uitstekend geslaagde poging om, binne die raamwerk van Wes-Europa, die volksgroep te skets wat agtereenvolgens die hedendaagse België bewoon het tot die koms van die Romeinse legioene. ’n Groot aantal waardevolle vondste word beskryf terwyl onder die opskrif „Wetenschappelijke bedrijvigheid” ’n oorsig verstrekkend word wat Belgiese deskundiges tydens die afgelope 25 jaar verrig het om die beeld van België in die ver verlede te reconstrueer. Lugopnames, soos teenoor bl. 312, toon duidelik die onskatbare waarde van hierdie moderne hulpmiddel by die beoefening van die argeologie en die geskiedenis aan.

In „*Vernieuwing van het geschiedenisonderwijs*” behandel *V. Denkers* die resultate van besprekings wat in dié verband in Nederland gehou is. Doelstellings, beginsels, die leergange, die leerstof en vernuwing van die opleiding, die metodeleer en die leermiddels kom o.m. aan die orde. (Uitgawe R. K. Jongensweeshuisdrukkery, Tilburg, 104 bls. „Opvoedkundige Brochurenreeks” nr. 187.) ’n Stimulans in verband met vernuwingsgedagtes en moeilikhede wat daaraan verbind is.

Dr. Th. C. Vriezen het in die verlede verskillende reise na die Nabye-Ooste onderneem. Sy jongste besoek (1954 en 1955) was om die oudheidkunde van Palestina en die moderne Hebreeus nader te bestudeer. In sy werk „*Het Nabije Oosten in de branding*” (C. F. Callenbach, Nijkerk. 1957, 262 bls., met kaarte en afbeeldings) behandel die skrywer nie alleen die oudheidkundige waarnemings nie, maar ook die meer resente verlede en die hede van Israel en aangrensende lande, soos die vlugtelingvraagstuk, die verhouding met die Arabiere. ’n Pragtige hoofstuk is „Dinamiek der geschiedenis”. Die skrywer bepleit: ’n Nuwe besinning is, met betrekking tot die Isr.-Arabiese wêreld, nodig om ’n oplossing te vind; ’n vernuwing van betrekkinge tussen oos en wes is wedersyds noodsaaklik.

UIT ONS GESKIEDENIS IS 'N NASIE GEBORE!

Die Poskantoor dien nie net die publiek nie,
hy dien

SUID-AFRIKA.

Diens in die Poskantoor as Pos-en-telegraafassistent
of tegnikus, is diens aan u land.

U word verseker van:

GOEIE SALARISSE,
RUIM VERLOFVOORREGTE,
GOEIE OPLEIDING,
'N PENSIOEN BY UITDIENSTREDING,
SPOORWEGKONSESSIES,
'N MEDIESE SKEMA,
BEHUISINGSLENINGS.

U PLAASLIKE POSMEESTER SAL
NADERE BESONDERHEDE
VERSTREK.

Volledige beskerming deur SANLAM:

- **WEDUWEEPENSIOEN**
- **STUDIEPOLISSE**
- **VERBANDSDEKING**
- **KONTANTBONUSSE**
- **SPESIALE ONGESKIKTHEIDSVOORDELE**
(o.a. AANTASTING VAN STEM)

BESPREEK GERUS U BEHOEFTE MET U SANLAM-VERTEENWOORDIGER.

HY IS SPESIAAL OPGELEI

Versekering is **SANLAM**